***Oor die jongste dag. Die opwekking tot die Ewige Lewe***

**149** **Nathaniël** gee aan die wat agterna gekom het, die ware leiding omdat hy vir homself, sonder dat Ek hom dit persoonlik opgedra het, meer uitgebreid as al die ander `n evangelie kon vaslê in die Griekse taal, waarvan hy goed meester was. Hy kom, tot in die diepste van sy wese geskok, na My toe en sê: "Meester! Almagtige! Ook ek het daardie visioen gesien en daarin die verskriklikste dinge, sodat ek van angs nie meer kon skrywe nie! Ek vra U uit die volheid van my liefde vir U, U ewig Heilige, sê my tog of dit ten tye in die hiernamaals in alle werklikheid so sal gebeur soos wat ek en baie ander dit nou gesien het."

[2] **Ek** sê: "Moenie vrees nie, want jy het niks te vrese nie! Wie so leef en handel soos jy, die sal reeds hier of in die hiernamaals tot die Ewige Lewe gewek word; en dit sal vir elkeen die jongste dag wees, wanneer hy deur My tot die Ewige Lewe gewek sal word, hetsy hier of aan die ander kant.

[3] Elkeen moet egter daarna strewe om reeds hier gewek te word; want wie reeds hier in die vlees gewek word, sal die vleeslike dood nie voel of sien nie **en sy siel sal dan geen angs ken nie**.

[4] Maar wee hierdie en al die latere vyande van My orde! Waarlik, hulle sal dit dan duisendvoudig voel wie dit was wat hulle weerstaan het, en Hom en Sy egte volgelinge met al die vloeke belaai het!

[5] Ek kan dit sê en doen; want Ek sê vir julle: Alle dinge is deur die Vader in My hand gegee! Maar niemand ken die Seun nie, wie Ek is, behalwe die Vader; en so ook ken niemand die Vader nie behalwe die Seun, en ná Hom **diegene aan wie die Seun dit wil openbaar.**" *(Matthéüs. 11:27)*

[6] **Nathaniël** sê: "Dus ken ook ons, U getrouste leerlinge, U nog lank nie, hoewel U ons al baie van Uself geopenbaar het en laat sien het wie U is?!"

[7] **Ek** sê: "Julle ken My weliswaar vir sover Ek My aan julle geopenbaar en getoon het. Maar daar ontbreek nog baie by julle . So gou as julle die Vader ken, sal julle ook My heeltemal ken, en dit sal gebeur wanneer Ek van hierdie aarde af weer na My hemele sal opvaar. Vanaf daardie oomblik sal die Vader julle na My toe optrek, soos wat Ek julle nou na die Vader trek. En wie nie deur die Vader getrek word nie, die sal nie tot My, die Seun, kom nie. Waarlik Ek sê vir julle: In daardie tyd sal elkeen van Elohim Self moet leer wie die Seun is. **En wie nie deur Elohim onderrig wil word nie, hy sal nie tot die Seun kom nie en sal nie die Ewige Lewe in Hom hê nie.**

[8] Maar die Seun is nie strenger as die Vader nie; want wat die Liefde van die Vader doen, dit doen ook die Liefde van die Seun, en netsoos die liefde van die Vader die Seun is, so is ook die liefde van die Seun die Vader.

[9] Die Seun sê egter aan julle soos aan al die mense: **kom almal na My toe**, julle wat uitgeput is en onder laste gebuk gaan, Ek sal julle verkwik! *(Matthéüs. 11:28)*

[10] **Neem My juk op**, leer van My om dit te dra en doen daarby soos Ek - want Ek is sagmoedig en nederig van hart - dan sal julle rus hê en al die angs sal julle verlaat! *(Matthéüs. 11:29)*

[11] **My juk is sag en die las is lig wat Ek julle laat dra,** want Ek weet waartoe julle in staat is." *(Matthéüs. 11:30)*

***Die bestraffing van die fariseërs***

**150** Hierdie woorde kalmeer die leerlinge, en die fariseërs en al die aartsjode begin vra wat hulle gesien het en hoe dit vir hulle so `n sigbare vrees kon injaag.

[2] Die ondervraagdes gee egter almal dieselfde beskrywing van wat hulle gesien het. Daar kyk die **fariseërs** raar van op en hulle begin onder mekaar vrae te stel en sê: "Hoe kan dit, hoe is dit moontlik dat hulle almal op dieselfde oomblik dieselfde visioen gehad het? Hoe kan `n towenaar slegs by `n paar mense `n visioen teweegbring en by andere weer nie? Waarom sien slegs Sy volgelinge iets en waarom sien ons niks nie? As ons, vaste aanhangers van Moses, deur Hom wat tog ook Judeër wil wees, verdoem is - en hoe! - soos blyk uit die beskrywing van die visioen, dan sou dit, van Sy kant besien, tog veel raadsamer gewees het as Hy ons die visioen laat sien het, sodat ons daardeur uit angs Sy leerlinge sou word. Maar Hy is slim en laat ons so `n skouspel nie sien nie; want Hy is bang dat ons dit direk sou herken en dit dan by die regte naam sou noem en daardeur miskien baie van Sy aanhangers se oë sou open, sodat hulle dan sou sien wie hulle geprese Meester is! Ons moet teen hierdie steeds gevaarliker wordende mens streng maatreëls tref, anders groei Hy baie vinnig bo-oor ons koppe en dan kom die Romeine, wat ons almal dan `n onplesierige dood sal besorg!"

[3] **Ek** sê met verheffing van stem aan hulle: "Daarvoor is julle al lankal ryp en één woord van My aan die owerste sou al voldoende wees om julle van die een na die ander dag in duisende aan die skandpale te hang! Dink julle dat Ek niks weet van julle geheime intriges teen die keiser nie? O, sekerlik

wel! Ek weet die dag, die uur en die afgesproke teken vir die hele Judea, vir Galilea en vir Jerusalem binne haar mure! Maar Ek sê vir julle dat dit besonder sleg vir julle sal afloop, en die landvoog, Pontius Pilatus, wat met harde hand regeer, sal julle dan voor die mure van die stad Jerusalem die loon vir julle moeite gee en Herodes sal dit nie maklik hê om weer in die guns van die landvoog te kom nie!

[4] As julle in julle oorgrote blindheid en kwaad-aardigheid tot steeds harder maatreëls teen My en My leerlinge oorgaan, dan weet Ek wat Ek nog voor daardie tyd teen julle moet onderneem!

[5] Johannes noem julle 'slanggebroedsel' en 'adder-gebroedsel'! Ek het julle nog nooit so genoem nie; maar **nou noem ook Ek julle so** en gee julle te verstane dat julle hier moet verdwyn, anders laat Ek bere uit die bosse kom en laat met julle dít gebeur wat ten tye van Elishua gebeur het met die ondeunde seuns wat hierdie profeet bespot het! **Want vir julle het elke bietjie medelye uit My hart verdwyn.**

[6] As julle My op enige manier ookal belaster het, dan sou Ek julle dit vergewe het. Maar julle het hoogmoedig geword en het julle gewapen **teen My Gees, wat Liefde heet** en van ewigheid af van My Vader is, **en hierdie sonde sal julle nie vergewe word nie, nie hier nie en nog minder in die hiernamaals!** Verdwyn dus, sodat Ek die paar dae hier by My vriend Kisjonah sonder verdere steurnis kan deurbring!"

[7] **`n Fariseër** sê: "Ons mag Jou nie uit die oog verloor nie, want ons is daarvoor deur ons owerste oor Jou aangestel!"

[8] **Ek** sê: "Ja, julle hou toesig oor My soos wolwe op `n kudde skape. As julle egter by julle voorneme bly, laat Ek dadelik bere uit die berge kom en sal hulle aanstel as julle opsigters en tugmeesters!"

[9] Op daardie oomblik klink daar vanaf die nabygeleë gebergte `n luide gebrul van baie bere. By die aanhoor daarvan soek die fariseërs en aartsjode vinnig hulle toevlug tot die meer, klim daar haastig in die vissersbote en stoot hulle van die oewer af. Maar `n harde teenwind dryf hulle weer na die oewer, waar hier en daar `n paar bere hulleself vertoon. `n Goeie twee uur veg hulle teen die wind wat hulle elke keer hardnekkig weer na die oewer dryf wanneer hulle by die wegval van die wind daar `n paar vadem vanaf gekom het. Na twee uur se wanhopige geveg met die wind en die water, kom daar eindelik `n groter skip; dit neem die byna radelose en haas van vermoeidheid omvallende mense, op en vaar met hulle weg onder `n swaar storm, waardeur die skip byna elke oomblik dreig om te vergaan. So word hulle `n hele dag en `n hele nag gepynig en hulle bereik eers die middag van die volgende dag die oewer in die buurt van Kapernaum.

[10] Daar word hulle deur die leiers van die fariseërs heel naarstiglik ondervra oor wat hulle alles gesien het, gehoor en beleef het. Maar hulle hou hulle mond en durf nie praat nie; want hulle het baie ontsag vir My gekry en waag dit voorlopig nie om iets teen My te onderneem nie.